
# Twee strome in 'n hewige geskil oor die Hertzogprys

**Pretoriase Verteenwoordiger**

PRETORIA.

DRIE LEDE van die letterkundige keurkomitee van die Akademieraad het bedank en 'n skerp botsing het tussen die voorste letterkundiges ontbrand oor die toekenning van die Hertzog-prys vir prosa aan die skrywer Karel Schoeman.

Die Akademieraad het eergister ná 'n vergadering van meer as drie uur in Pretoria die meerderheidsaanbeveling van die letterkundige kommissie verwerp met sy besluit om Schoeman te bekroon. Die meerderheidsaanbeveling was dat die prys weer aan Ettienne Leroux, wat ook die vorige toekenning gekry het, gaan.



PROF. T. T. CLOETE

Aan die voorpunt van die twee strome in dié keurkomitee oor die toekenning staan prof. W. E. G. Louw, wat die Akademieraad gevra het dat die prys aan Schoeman toegeken word, en prof. A. P. Grové, voorsitter van die keurkomitee, wat o.m. die meriete van die werk van Etienne Leroux aan die Akademieraad voorgelê het.

As gevolg van die geskilpunt het prof. Grové en twee ander lede, dr. Elize Botha en die ondervoorsitter, prof. T. T. Cloete, uit die komitee bedank.

Prof. Grové het gister aan Die Volksblad gesê hy het besluit om om twee redes te bedank, naamlik omdat hy nie „party mense" se waardering vir Schoeman se werk deel nie (hy beskou van Schoeman se werke as prulwerk) en omdat dit bedenklik lyk dat die Akademieraad die minderheidsverslag van die keurkomitee aanvaar het terwyl die komitee nou 'n breë komitee met agt lede is.

„As die meerderheid van die keurkomitee vir Schoeman aangewys het, sou ek dit aanvaar het."

Hy het gesê hy wil dit duidelik stel dat hy dit nie teen die toekenning aan Schoeman het omdat Schoeman 'n Katolotiek is nie. Hy het voor die Akademieraad literer ingegaan op Schoeman se werk en het ook gewys op die verdienste van die werk van 'n „ander man" (wie Die Volksblad van ander lede verneem het, Etienne Leroux is).

„Daar is nou 'n sekere ontevredenheid en ek voel my komitee is in die gesig gevat," het hy gesê.

'n Ander lid van die keurkomitee, prof. P. D. van der Walt van Potchefstroom, het aan Die Volksblad gesê hy neem heeltemal genoeë met die toekenning aan Schoeman, en veral met die toekenning vir die boek Spiraal. Die ander twee boeke waarvoor die prys aan Schoeman gegee is, is By Fakkellig en 'n Lug vol Helder Wolke.

Prof. Van der Walt het gesê Schoeman was nie sy persoonlike eerste keuse nie, maar wel die skryfster Anna M. Louw vir hâar boek Die Groot Gryse. Hy beskou Schoeman se Spiraal egter as 'n werk met 'n pragtige diepsinnige inhoud met 'n ryke omvang en estetiese kwaliteit.

Prof. Cloete het gesê hy het bedank uit die keurkomitee omdat hy nie saamstem met die prosedure wat gevolg word nie. Sy besluit om te bedank, het hy reeds voor die toekenning aan Schoeman geneem. Hy wou die besluit nie vroeër bekend maak nie, omdat hy nie die indruk wou wek dat hy 'n pistool voor die kop van die Akademie hou nie.

Dr. Elize Botha het gesê sy het bedank omdat sy meen dat in die lig van die Akademieraad se optrede, die letterkundige keurkomitee geen funksie meer het nie. Sy bedank ook as lid van die Akademie. Dr. Botha was een van die lede van die keurkomitee wat sterk ten gunste daarvan was dat die Hertzogprys aan Etienne Leroux toegeken word.

Die ander lede van die kommissie is dr. P. G. du Plessis van Pretoria, prof. Felix Lategan van Bloemfontein, prof. W. E. G. Louw en prof. C. A. van Rooy van Unisa.

Die voorsitter van die Akademieraad, prof. Geoff Cronjé, het aan Die Volksblad gesê dat hy nie kommentaar oor die besluit van die Akademieraad wil lewer nie. Die raad het besluit om Schoeman te bekroon, en daarmee is die saak wat hom betref, afgehandel.

Na afloop van die vergadering van die Akademieraad het mnr. Danie van Niekerk, hoofsekretaris van die Akademie, die motivering vir die toekenning aan Schoeman soos volg gegee:

„Hy het met die drie boeke getoon dat, hoewel hy die waarde



PROF. A. P. GROVÉ



PROF. W. E. G. LOUW

van 'n tradisie erken, hy in staat is om deur middel van histories goed gefundeerde verhale onafhanklik op die tradisie voort te bou: boweal dat hy taal met onderskeiding, presiesheid en 'n eie innerlike hanteer."

## PROSEDURE

Ander Akademieraadslede met wie gesels is, glo dat die Akademieraad heeltemal korrek opgetree het deur die meerderheidsaanbeveling van die keurkomitee te verwerp. Die keurkomitee is bloot 'n adviserende kommissie en dit is die Akademieraad wat pryse toeken en die verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar, het 'n lid gesê.

Die prosedure wat met die toekenning gevolg is, is dat die keurkomitee uit sy kortlys van aanspraakmakers op die Hertzogprys twee skrywers, naamlik Schoeman en Leroux, gekies het.

Met die vergadering van die Akademieraad eergister in Pretoria het prof. Grové as voorsitter van die keurkomitee eers die notule van die keurkomitee se vergaderings oor die saak aan die raad voorgelê, en daarna het eers hy en toe prof. Louw hul verskillende sieninge oor die bekroning gegee.

Die Akademieraad het hierna deur stemming besluit dat die prys aan Schoeman toegeken moes word.

## DRIE JAAR

Die Hertzog-prys vir prosa word een maal elke drie jaar toegeken. Met die vorige toekenning (in 1964) was daar ook 'n yslike geskil nadat die prys aan Etienne Leroux toegeken was vir sy boek Sewe Dae by die Silbersteins. In 1967 het die Akademieraad besluit om geen toekenning te maak nie.

Met die pas afgelope toekenning is slegs prosa van die afgelope drie jaar beoordeel.

Die Akademieraad het al verskeie kere in die verlede 'n minderheidsverslag van die letterkundige keurkomitee aanvaar met die toekenning van die Hertzog-prys, maar sover vasgestel kan word, is dit die eerste keer dat lede van die komitee bedank as gevolg daarvan

Na verneem word, het Prof. Grové, dr. Botha en prof. Cloete se bedankings nog nie die akademieraad bereik nie. Sodra dit gebeur, sal nuwe aanstellings in die keurkomitee gemaak word en sal daar ook 'n nuwe voorsitter gekies word.



DR. ELIZE BOTHA